

Hoofstuk van die dag: Matteus 16

> *Toe Jesus in die gebied van Caesarea-Filippi kom, het Hy sy dissipels gevra: “Wie sê die mense is die Seun van die Mens?” (vers 13, 2020-vertaling)*

Die titel “Seun van die Mens” gaan terug na ’n voorspelling in

Daniël 7:13, waar ’n hemelse figuur wat beskryf word as “iemand soos ’n seun van ’n mens” die ewige heerskappy, eer en koningskap ontvang. In aansluiting hierby gebruik Jesus hierdie benaming vir Homself. Daarmee verwys Hy na sy gesag (Matt 9:6) en sy koms in heerlikheid (Matt 26:64). Hy vul hierdie benaming met ’n eie, nuwe betekenis deur dit te verbind aan sy nederige leefwyse (Matt 8:20), en ook sy lyding en sy sterwe (Mark 8:31 en 10:45).
Die belangrike vraag is Jesus se tweede vraag (vers 15): “Wie sê jy is Ek?” Ons kan dit ook anders verwoord: Wie is Jesus vir jou? Iemand wat al jou probleme moet wegvat? Jou beste vriend? Jou Verlosser?
Ons kan ons verhouding met Hom en ons verwagtings in Hom seker op baie maniere uitdruk. Wat Hy sê, is dat dit jou hele lewe omvat, want jy moet jouself verloën, jou kruis opneem en Hom volg (vers 24).

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026